**HOëRSKOOL VREDENBURG**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL**

**GRAAD 8**

# TAAK 8: LETTERKUNDE

**EKSAMINATOR: L. SMIT**

**MODERATOR: K. CORDIER**

**L. CRAILL**

**SEPTEMBER 2021**

**PUNTE : 30**

**Tyd: 1 UUR**

**NET DIE BESTE GEE VOLDOENING**

**INSTRUKSIES**

- Hierdie toets bestaan uit **DRIE AFDELINGS.**

| | |
|---|---|
| **AFDELING A:** Gedig | [10 Punte] |
| **AFDELING B:** Kortverhaal | [10 Punte] |
| **AFDELING C:** Volksverhaal | [10 Punte] |
| **TOTAAL:** | **[30 PUNTE]** |

1. Beantwoord **ALLE** vrae.
2. Begin elke afdeling op 'n NUWE BLADSY.
3. Nommer jou antwoorde presies soos in die vraestsel.
4. Trek 'n KANTLYN aan die regterkant van elke bladsy.
5. Los 'n reël oop tussen antwoorde.
6. Skryf NETJIES en leesbaar.
7. Skryf met 'n BLOU of SWART pen.
8. Gee aandag aan spelling en konstruksie.
9. Sterkte!



## Afdeling A: Gedig

**Vraag 1**

Lees die onderstaande gedig en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

**Rilrestaurant** (Jaco Jacobs)

Almal is welkom, bring die hele gesin
Staan nader, staan nader, kom gerus in
die tafel is gedek, als is gereed
maak u reg om heerlik te eet
die diens is dalk dooierig, maar dis met 'n rede
u kelner is al 'n jaar t'rug oorlede
wil u solank 'n drankie bestel?
of moet ek u eers van ons disse vertel?
ons hoofgereg is presies wat dit sê:
'n kop op 'n skinkbord, nes u dit wil hê
medium, goed gaar of liggies gestoom
halfrou is dit 'n fynproewersdroom
maar dit is natuurlik oorhaastig van my
want u gaan tog seker eers goorgereg kry?
Paddavisstertjies in varkvet gebraai
en ons maand oue vliegsop is nie te versmaai
dan, om u ete mee af te sluit,
moet u op 'n heerlike naargereg besluit
oogappeltjies met suurlemoensap
of lekker soet bloed uit muise getap
wat nou? u voel naar? u wil liewer uit?
meneer, luister mooi, dis 'n slegte besluit...
om te probeer wegkom is regtig nie wys
ons kok hou u dop daar uit die kombuis
dis nie dat ek u en u gesin wil ontstel nie
maar dit sal verkeerd wees om nie te vertel nie:
ons kok is 'n monster, en die laaste gesin
wat hul kos nie wou eet nie, is tjok en blok in...
die pappa, die mamma, die ouma, die kind
die hele ou klompie met een hap verslind
so, sit tog nou liewer, daar is mos geen haas
is u gereed om u bestelling te plaas?

1.1 Skryf versreël 2 oor en onderstreep die allitererende klanke. (1)

1.2 Hoekom sal dit nie slim wees vir die familie om te probeer wegkom nie? (1)

1.3 Haal twee woorde aan wat sê dat die sop nie vars is nie? (1)

1.4 Daar vind woordspeling in reël 14 en reël 18 plaas. Noem die twee woorde wat verander is en skryf die regte woorde neer. (2)

1.5 Watter rympatroon word in die gedig gebruik? (1)

1.6 Kies die korrekte antwoord op die volgende stelling. Skryf slegs die letter langs die betrokke vraagnommer neer:

Dié gedig is 'n voorbeeld van 'n:

a) Engelse sonnet
b) Vrye vers
c) Italiaanse sonnet
d) Sprokie (1)

1.7 Waarom sal die diens in die restaurant dalk 'dooierig' wees? (1)

1.8 Op watter **drie** maniere kan die hoofgereg bedien word? (1)

1.9 Watter advies sou jy vir die familie in híérdie situasie gee? (1)

**[10]**



**Afdeling B: Kortverhaal**

**Vraag 2**

Lees die uittreksel uit "Sien jou weer" en beantwoord die vrae wat volg.

Marisa gril skielik. Hoe het die mense wat die koekie gemaak het geweet dis amper aand? Hoekom staan daar nie *Today you will be granted one wish* nie? Sy gooi die koekie in die vullisdrom en wens: "Ek wil hê Steven Maas moet na my toe kom." Sy en Steven Maas het in graad 4 en 5 altyd pouses saam gesit en in die klas vir mekaar briefies geskryf, opgerol en in 'n pen weggesteek. Dit was die enigste twee jaar dat sy werklik gelukkig was. Maar toe verhuis Steven-hulle stad toe. Die dag toe hulle vertrek en sy hom groet, het hy haar snaaks aangekyk. Dit het gelyk of hy deur haar kyk. "Sien jou weer," is al wat hy gesê het. Sy het geweet hy sou gou van haar vergeet. Sy wat Marisa van Niekerk is, kry egter altyd haar sin en sy weet hy gaan nou, nadat sy gewens het, na haar toe kom – vanaand nog.

Franscois Bloemhof
(Uit: *13 Spookstories,* LAPA Uitgewers, 2010)

2.1 Wie is die hoofkarakter in hierdie verhaal? (1)

2.2 Watter tipe verteller kry ons in hierdie verhaal? (1)

2.3 In watter **twee** ruimtes speel die verhaal af? (2)

2.4 Waarom het Marisa die dag toe Steven haar gegroet het ongelukkig gevoel? Gee **twee** redes vir jou antwoord. (2)

2.5 Watter **werkwoord** sê dat Marisa bang gevoel het nadat sy die boodskap gelees het? Hoekom het sy bang gevoel? (2)

2.6 Kies die gepaste antwoord tussen hakies.
Die tema in dié verhaal is (liefde/ 'n bonatuurlike of vreemde gebeurtenis/ die dood van 'n seun). (1)

2.7 Haal woorde uit die teks aan wat vir 'n mens sê dat Marisa altyd kry wat sy wil hê. (1)

**[10]**

**Afdeling C: Volksverhaal**

Vraag 3

Lees die uittreksel uit "Die buffels verloor hul strepe" en beantwoord die vrae wat volg.

Dié nag hoor Langsaam hoe Vul se ma vir Vul se pa sê: "Ai, Vul lyk so mooi met die streepjas. Ek wil dit ook een keer aanpas."
"Vergeet dit maar," sê Vul se pa. "Dit is net kinderspeletjies."
Ou Langsaam het nie haar woorde vergeet nie. Hy wag totdat 'n paar buffels in die rivier bad en hulle streepjasse langs die rivier lê. Toe gaan roep hy vir Vul se ma.
"Gou, die buffels se jasse lê langs die rivier. Jy kan dit gou aanpas."
"Nou goed," sê Vul se ma, "net gou!"
Vul se ma trek die gestreepte jas stilletjies aan.
"Jy lyk werklik pragtig daarin," vlei Langsaam haar.
"Dink jy regtig so?" vra Vul se ma terwyl sy na haar gestreepte bene kyk. So het dit gebeur dat al hoe meer sebras in die geheim die buffels se streepjasse aangepas het. Later doen amper die hele trop dit.
***
"Diewe! Diewe!" bulk die buffels en storm uit die water. Die sebras probeer haastig uit die buffeljasse kom. Maar hulle kan nie! Die skilpaaie het die buffeljasse binne vol gom gesmeer. Die jasse sit vas. Die sebras vlug met streepjasse en al die veld in. Die buffels het nie 'n keuse nie en pluk die sebras se swart jasse aan, en daar sit hulle swart jasse óók vas!

Leon de Villiers
(Uit: *Maroelaboomstories*, LAPA Uitgewers, 2010 (verkort))

3.1 Watter soort dier is Langsaam? Waarom, dink jy, pas hierdie naam so goed by hom? (2)

3.2 Bespreek die **boodskap** wat deur die volksverhaal oorgedra word. (2)

3.3 Hoekom, dink jy, wou al die sebras die buffels se jasse aanpas? (1)

3.4 Vir wie het die buffels "diewe" genoem en waarom? (2)



3.5 Watter tipe volksverhaal is hierdie? Skryf slegs die korrekte letter, A, B, C of D, langs die vraagnommer neer:

A) Mite
B) Sprokie
C) Fabel
D) Legende (1)

3.6 **Langsaam het 'n streep op die buffles en sebras getrek om hulle terug te kry vir iets.**

3.6.1 Waarvoor wou hy hulle terugkry? (1)

3.6.2 Dink jy hy was regverdig (*fair*) in dit wat hy aan die diere gedoen het? Verduidelik jou antwoord. (1)

**[10]**

**GROOTTOTAAL: [30]**

GRAAD 8 EERSTE ADDISIONELE TAAL

LETTERKUNDETOETS

KWARTAAL 3

MEMORANDUM

TAAK 8: LETTERKUNDE SEPTEMBER 2021

EKSAMINATOR: L.J SMIT

MODERATOR: L. CRAILL PUNTE: 30

**NET DIE BESTE GEE VOLDOENING**

| Vraag 1 | Antwoord | Punte | Vlak |
|---|---|---|---|
| 1.1 | s-alliterasie: <u>S</u>taan nader, <u>s</u>taan nader, kom geru<u>s</u> in. ✓<br>of<br>n-alliterasie: Staa<u>n</u> <u>n</u>ader, staa<u>n</u> <u>n</u>ader, kom gerus i<u>n</u> ✓ | 1 | 3 |
| 1.2 | Die kok is 'n <u>monster</u> en sal <u>hulle opeet</u> as hulle probeer wegkom. ✓ (albei vir een punt) | 1 | 2 |
| 1.3 | Maand oue ✓ | 1 | 1 |
| 1.4 | Goorgereg – voorgereg ✓<br>Naargereg – nagereg ✓ | 2 | 2 |
| 1.5 | Paarrym✓ | 1 | 3 |
| 1.6 | Vrye vers ✓ | 1 | 3 |
| 1.7 | Die kelner is al 'n jaar terug oorlede.✓ | 1 | 1 |
| 1.8 | Medium, goed gaar of liggies gestoom.✓ | 1 | 1 |
| 1.9 | Leerder verskaf eie advies.✓ | 1 | 5 |

**TOTAAL AFDELING A: [10]**

| Vraag 2 | Antwoord | Punte | Vlak |
|---|---|---|---|
| 2.1 | Marisa. ✓ | 1 | 2 |
| 2.2 | Ek-verteller / Eerstepersoonsverteller. ✓ | 1 | 2 |
| 2.3 | Die kafee✓ en Marisa se huis.✓ | 2 | 2 |
| 2.4 | Hy het haar snaaks aangekyk✓ / Sy het geweet hy sou gou van haar vergeet. ✓ | 2 | 1 |
| 2.5 | "gril" ✓<br>Sy het geweet sy gaan alleen by die huis wees daardie aand / Hulle het geweet dit is alreeds aand ✓ met die woorde "<u>tonight</u> you will be granted one wish" | 2 | 2 |
| 2.6 | 'n bonatuurlike of vreemde gebeurtenis. ✓ | 1 | 2 |
| 2.7 | "Sy kry (egter) altyd haar sin" ✓ | 1 | 3 |

**TOTAAL AFDELING B: [10]**

| Vraag 3 | Antwoord | Punt | Vlak |
|---|---|---|---|
| **3.1** | Sklipad ✓ 'Langsaam' beteken stadig, sklipaaie is stadig. ✓ | 2 | 3 |
| **3.2** | Dit help nie om gemeen met iemand te wees deur hom 'n poets te bak nie✓, want dan sal hy juis nie jou vriend wil wees nie. ✓ (enige soortgelyke antwoord) | 2 | 4 |
| **3.3** | Moontlike antwoord: Hulle het gedink die streepjasse is baie mooier as hulle eie swart jasse. ✓ | 1 | 2 |
| **3.4** | Die sebras. ✓ Hulle het die buffels se jasse aangehad en daarmee weggehardloop. ✓ | 2 | 2 |
| **3.5** | C) Fabel ✓ | 1 | 3 |
| **3.6.1** | Hulle het gese hulle wou <u>nie vriende met die skilpaaie</u> wees nie, want die skilpaaie is te <u>stadig.</u> ✓ | 1 | 3 |
| **3.6.2** | Ja, die diere was lelik met hom, so hy mag ook terug lelik wees met hulle/ Die diere het dit verdien. ✓<br>OF<br>Nee, 'n Mens moenie lelik wees met mense wanneer hulle lelik is met jou nie/ draai die ander wang.✓ (albei vir 1 punt) | 1 | 5 |

**TOTAAL AFDELING C: [10]**

**GROOTTOTAAL: [30]**

**GRAAD 8 EERSTE ADDISIONELE TAAL**

**LETTERKUNDETOETS**
**KWARTAAL 3**
**MEMORANDUM**

TAAK 8: LETTERKUNDE SEPTEMBER 2021

EKSAMINATOR: L.J SMIT

MODERATOR: L. CRAILL PUNTE: 30

**NET DIE BESTE GEE VOLDOENING**

| **Vraag 1** | **Antwoord** | **Punte** | **Vlak** |
|---|---|---|---|
| 1.1 | s-alliterasie: Staan nader, staan nader, kom gerus in. ✓<br>of<br>n-alliterasie: Staan nader, staan nader, kom gerus in ✓ | 1 | 3 |
| 1.2 | Die kok is 'n monster en sal hulle opeet as hulle probeer wegkom. ✓ (albei vir een punt) | 1 | 2 |
| 1.3 | Maand oue ✓ | 1 | 1 |
| 1.4 | Goorgereg – voorgereg ✓<br>Naargereg – nagereg ✓ | 2 | 2 |
| 1.5 | Paarrym✓ | 1 | 3 |
| 1.6 | Vrye vers ✓ | 1 | 3 |
| 1.7 | Die kelner is al 'n jaar terug oorlede.✓ | 1 | 1 |
| 1.8 | Medium, goed gaar of liggies gestoom.✓ | 1 | 1 |
| 1.9 | Leerder verskaf eie advies.✓ | 1 | 5 |

**TOTAAL AFDELING A: [10]**

| Vraag 2 | Antwoord | Punte | Vlak |
|---|---|---|---|
| 2.1 | Marisa. ✓ | 1 | 2 |
| 2.2 | Ek-verteller / Eerstepersoonsverteller. ✓ | 1 | 2 |
| 2.3 | Die kafee✓ en Marisa se huis.✓ | 2 | 2 |
| 2.4 | Hy het haar snaaks aangekyk✓ / Sy het geweet hy sou gou van haar vergeet. ✓ | 2 | 1 |
| 2.5 | "gril" ✓<br>Sy het geweet sy gaan alleen by die huis wees daardie aand / Hulle het geweet dit is alreeds aand ✓ met die woorde "t<u>onight</u> you will be granted one wish" | 2 | 2 |
| 2.6 | 'n bonatuurlike of vreemde gebeurtenis. ✓ | 1 | 2 |
| 2.7 | "Sy kry (egter) altyd haar sin" ✓ | 1 | 3 |

**TOTAAL AFDELING B: [10]**

| Vraag 3 | Antwoord | Punt | Vlak |
|---|---|---|---|
| **3.1** | Sklipad ✓ 'Langsaam' beteken stadig, sklipaaie is stadig. ✓ | 2 | 3 |
| **3.2** | Dit help nie om gemeen met iemand te wees deur hom 'n poets te bak nie✓, want dan sal hy juis nie jou vriend wil wees nie. ✓<br>(enige soortgelyke antwoord) | 2 | 4 |
| **3.3** | Moontlike antwoord: Hulle het gedink die streepjasse is baie mooier as hulle eie swart jasse. ✓ | 1 | 2 |
| **3.4** | Die sebras. ✓ Hulle het die buffels se jasse aangehad en daarmee weggehardloop. ✓ | 2 | 2 |
| **3.5** | C) Fabel ✓ | 1 | 3 |
| **3.6.1** | Hulle het gese hulle wou <u>nie vriende met die skilpaaie</u> wees nie, want die skilpaaie is te <u>stadig.</u> ✓ | 1 | 3 |
| **3.6.2** | Ja, die diere was lelik met hom, so hy mag ook terug lelik wees met hulle/ Die diere het dit verdien. ✓<br>OF<br>Nee, 'n Mens moenie lelik wees met mense wanneer hulle lelik is met jou nie/ draai die ander wang.✓ (albei vir 1 punt) | 1 | 5 |

**TOTAAL AFDELING C: [10]**

**GROOTTOTAAL: [30]**